ADVERTENSIES

STEYNTJIENUUSBRIEF 17

Tel: 011 902 4904 / 4726
Faks: 011 902 5502
e-pos: presteyn@mweb.co.za

25 Mei 2017

AKADEMIE

EKSAMEN

Die EKSAMEN is om die draai. Leerders gaan op die **1e Junie** begin om eksamen te skryf.

Die eksamenrooster lyk as volg:

Donderdag	**1/06**	**AFRIKAANS**
Vrydag	**2/06**	**EBW (net GR 7)**
Maandag	**5/06**	**TEGNOLOGIE (net Gr 7)**
Dinsdag	**6/06**	**SW**
Woensdag	**7/06**	**KUNS**
Donderdag	**8/06**	**ENGELS**
Vrydag	**9/06**	**LO**
Maandag	**12/06**	**WISKUNDE**
Dinsdag		
Woensdag	**14/06**	**NW**

NB! Onthou dat Gr 3 en Gr 6 leerders skryf ook DEPARTEMENTELE VRAESTELLE In ENGELS, WISKUNDE en NW.

- Die vraestelle word op dieselfde dag geskryf as die skool se vraestelle.

LANGNAWEEK

Aangesien dit Vrydag die 16e Junie 2017, **JEUGDAG** is, sal daar nie skool wees nie.

Die skool gaan daarom op Donderdag 15e Junie om **12 uur** verdaag vir die langnaweek.

Geniet dit en kom veilig terug. Die skool gaan weer normaal voort op Maandag 19 Junie 2017.

STEYNEGROETE

SPORT

NETBAL

Geluk aan ons 0/10B, 0/11B, 0/12A & B en 0/13B wat teen L/S J v Riebeeck gewen het. Dit is voorwaar 'n mooi prestasie.

MINI-NETBAL

Ons dogters het mooi gespeel by L/S Rissiville. Ons speel komende Saterdag by L/S Elspark en dan is daar ook wedstryde op 31 Mei en 1 Junie.

- Daarna is ons klaar met die Mini-netbal vir 2017. Dankie aan elke dogter!

RUGBY

Geluk aan ons 0/9A wat gelykop gespeel het teen L/S Helderkruin.

Volgende week speel ons 2 Ligawedstryde.

Dinsdag 30 Mei : L/S Roodekrans
Vrydag 2 Junie : L/S Randhart

BONDENAWEEK:

Sterkte aan *Stephan v Deventer* wat Saterdag op Potchefstroom vir die **Goue Leeus** 0/12A speel.

WELPIES

Sterkte aan ons Welpies wat Saterdag by Leeuwenhof Akademie deelneem.

KRIEKET - 26/05

Môre, **26 Mei**, is daar **proewe** vir die 0/11, 0/12 en 0/13 seuns in die nette. Begin om **13:30** tot **16:00.**
Dit is met die oog op die kies van die 0/11 en 1e toerspanne.
Seuns bring sover moontlik hul eie toerusting saam.

Balle: 0/11 = 113 gram
0/12 + 0/13 = 135 gram

GRAAD 1 INSKRYWINGS VIR 2018

DIE GR 1 OPE-DAG vir voornemende leerders in 2018 gaan vanmiddag plaasvind vanaf 16:00 tot 18:00!

Die ouers gaan in die saal bymekaarkom en die leerders gaan besig gehou word buite!

Die "on-line" registrasie vir Gr 1 - 2018 vorder goed. Indien u reeds geregistreer het en nog nie 'n inskrywingsvorm ontvang het nie, kom haal asb die inskrywingsvorm af by die skool.

Reeds voltooide inskrywingsvorms moet so spoedig moontlik terug-gebring word. Navrae kan aan die skool gerig word.

NB! Maak asb seker dat <u>alle afskrifte</u> aangeheg word sodat die leerder aanvaar kan word op die "on-line" sisteem wat geïmplimenteer is.

KALOSSIE KLEUTERSKOOL 27/05

OPEDAG vir inskrywings 2018

<u>KOM SKRYF IN VIR **2018.**</u>

- Ons nooi ons voorskoolse ouers van kleuters in 2018 na Kalossie se opedag vir Gr R, RR en RRR.
- Dit gaan plaasvind op **Saterdag 27 Mei 2017** vanaf **08:00 tot 12:00.**

Kontak Nr: 011 907 8962

VERLORE KLERE

Ons doen 'n beroep op die ouers om **alle skooldrag duidelik te merk.**

- Leerders moet bewus gemaak word rondom verantwoordelikheid van besittings.

U samewerking en ondersteuning word waardeer!